Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

IHISTA4

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET TOT DIE GROEI VAN SWART-NASIONALISME IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?

BRON 1A

Hierdie uittreksel fokus op die algemene benaderings tot Pan-Afrikanisme wat reeds in die 15de eeu en daarna opgespoor kan word.

Pan-Afrikanisme is 'n algemene term vir verskillende bewegings in Afrika wat as hulle gemeenskaplike doel het die eenheid van Swartes en die uitskakeling van kolonialisme en wit heerskappy (oorhand) vanaf die vasteland.

Daar is twee algemene benaderings tot Pan-Afrikanisme, naamlik die Afrosentriese en Eurosentriese benaderings. Die Afrosentriese benadering postuleer dat die historiese stryd van Swartes teen eksterne aggressie, uitbuiting, beroep en oorheersing nie met Europese kontak begin het of met die inval (skielike aankoms) in Afrika in die vyftiende eeu nie, maar in die VC era.

Aan die ander kant, beskou die Eurosentriese verduideliking Pan-Afrikanisme as 'n idee wat ontaard (begin) het in reaksie op Europese slawerny en kolonialisme. Pan-Afrikanisme word algemeen beskou as 'n 20ste-eeu beweging, selfs al kan dit terug gespoor word ver in die 15de eeu en daarna.

[Geneem uit *Gaines Junction: Undergraduate Interdisciplinary Journal of History* Giselle D. Aris, 'Pan-Africanism: Competing Interpretations', (Vol. 3, Nr.1)]

BRON 1B

Hierdie tabel toon die groei in die getal nywerheidswerkers tussen die jare 1938–1939.

	1938–1939	**1944–1945**
Blanke mans	116 193	130 415
Blanke vroue	28 645	35 104
Swart mans	196 178	299 334
Swart vroue	11 484	23 808

[Bron: *Making History Grade 12*, Friedman, Mashini and Johannesson, 1998, bl. 54]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 1C

Hierdie foto toon lang rye mense wat werk toe loop tydens die busboikot van 1944 in Alexandrië.

[Bron: Gepubliseer in die *The Star,* 1944]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: WAT WAS DIE PERSPEKTIEWE VAN MIDDE-OOSTERSE LEIERS OP DIE VLUGTELING-PROBLEEM IN DIE MIDDE-OOSTE?

BRON 2A

Die wyle Egiptiese president Anwar Sadat het in sy historiese toespraak aan die Israeliese Knesset op 20 November 1977 verklaar:

"Ons sal nie enige praat oor volhoubare en duursame vrede aanvaar nie ... terwyl jy nog steeds Arabiese land beset met militêre mag. ... Soos vir die Palestynse kwessie, niemand ontken dat dit die kern van die probleem as 'n geheel is nie. ...

Daar is geen nut om nie die Palestynse volk, asook hul eie reg om hul vaderland te stig en hul reg om terugkeer, te erken nie."

[Aangepas uit Stephen P Halbrook, The Journal of Liberation Studies, *The Alienation of a Homeland: How Palestine Became Israel,* Vol. V, Nr. 4 (Herfs 1981), bl. 357]

BRON 2B

Hierdie bron gee die kommentaar deur Yitshak Rabin (premier) op die viering van die ondertekening van die Israeli-Palestynse Verklaring van Beginsels.

Washington, 13 September, 1993
Mnr die President, dames en here,

Laat my toe om aan julle te sê, die Palestyne: Ons is bestem om saam te leef op dieselfde grond, in dieselfde land. Ons, die soldate wat terugkom vanaf die geveg gevlek met bloed, ons wat gesien het hoe ons familie en vriende vermoor was voor ons oë, ons wat hul begrafnisse bygewoon het en nie in die oë van hul ouers kan kyk nie, ons wat kom uit 'n land waar ouers hul kinders begrawe, ons wat teen julle die Palestyne oorlog gevoer het:

Ons sê vir julle vandag in 'n groot en helder stem: Genoeg van bloed en trane. Genoeg. Ons het geen begeerte om wraak te neem nie. Ons koester geen haat teenoor jou nie. Ons, soos jy, is mense wat 'n huis wil bou, 'n boom wil plant, wat lief wil hê, wat langs mekaar wil lewe met jou in waardigheid, in empatie (verstaan iemand anders se gevoelens), as mense, as vry mense. Ons gee vandag vrede 'n kans, en sê weer vir jou: Genoeg. Kom laat ons bid dat 'n dag sal aanbreek wanneer ons almal sal sê: Vaarwel aan die wapens.

[Geneem uit *http://www.ijs.org.au*. Toegang op 6 Junie 2016 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2C

Hierdie uittreksel spreek die vlugteling-probleem van beide Palestyne en Jode aan soos deur die Israeliese eerste minister Benjamin Netanyahu in 2011 gestel.

Die vlugteling-probleme [m.a.w. Joodse en Palestynse vlugtelinge] is gevestig in hierdie twee onderskeie lande – die kwessie van die Palestynse vlugtelinge sal opgelos word in die Palestynse staat en nie in Israel nie. Net soos die vraag van die Joodse vlugtelinge wat veroorsaak was deur dieselfde Arabiese aanslag op Israel in 1948, opgelos was binne die Joodse staat. Die Arabiese aanval, die aanval van vyf Arabiese weermagte, met die Palestyne, op die embrioniese (moederlike) Joodse staat het twee vlugteling probleme veroorsaak. Ongeveer 650,000 Palestynse vlugtelinge en ʼn ietwat groter aantal Joodse vlugtelinge was uit Arabiese lande verban. Die kleine Israel het al die Joodse vlugtelinge geabsorbeer en die groot Arabiese wêreld het geweier om die Palestynse vlugtelinge te absorbeer, en het nog geregtigheid of gesonde verstand mandate geneem (amptelike bevoegdheid om iets te doen) wat 63 jaar later die Arabiese wêreld of die Palestyne na ons sal kom en sê: Absorbeer nou die agter-agter-kleinkinders van hierdie deel van die vlugtelinge probleem wat onsself geskep het. Die oplossing vir die vlugtelinge-probleem, beide in ʼn praktiese sin en in die kwessie van geregtigheid moet in die Palestynse staat aangespreek word en nie in die een en enigste Joodse staat nie.

[Bron: June 28, 2011 – Benjamin Netanyahu, MS . Toegang op 6 Junie 2016 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2D

Hierdie foto en uittreksel toon die kwessie van Palestynse vlugtelinge na die Eerste Arabiese-Israeli oorlog.

VISUELE BRON

Driekwart miljoen Palestyne het vanaf hul huise gedurende die oorlog gevlug.

GESKREWE BRON

MENING 1:

SACHAR (pro-Palestynse verslaggewer): Geen Arabiese regering het hierdie mense beveel om te vlug nie. Inteendeel, hulle het hulle beveel om net daar te bly, om onder geen omstandighede hul grondgebied aan die Jode oor te gee nie. Dit is ŉ mite om te aanvaar dat hierdie mense vrywillig geloop het.

MENING 2:

MORRIS (anti-Palestynse verslaggewer): Vir goeie militêre redes wou die Israeli's duidelike lyne van kommunikasie agter die lyne (oorlogsfronte) hê. Hulle wou nie skerpskutters hê nie Hulle wou nie hê dat guerrillas (lede van nie-amptelike militêre groepe) agter die lyne werksaam wees nie. So hulle wou ontslae raak van Arabiese gemeenskappe. So was daar uitsettings (bevele om die land amptelik te verlaat) in verskillende gebiede.

[Geneem van *The Cold War*, D. Heate]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: WAT WAS DIE OORSAKE EN IMPAK VAN DIE BANTOE-ONDERWYSWET VAN 1953 OP SWART STUDENTE?

BRON 3A

'n Uittreksel oor Bantoe-onderwys wat die rol van die Departement van Naturellesake reflekteer.

Swart skoolopleiding was nog nie vry of verpligtend soos dit vir blankes was nie. Sekerlik was onderwysvoorsiening vir Swartes voor hierdie tydperk ongelyk en die meeste staatskole het wit en Swart leerlinge geskei. Maar die Bantoe Onderwyswet het alle swart skole onder die beheer van die Departement van Naturellesake gebring en dus onafhanklike sending instellings uitgefaseer wat voorheen die voortou met swart onderwys geneem het. Dit het ook 'n eenvormige kurrikulum opgelê wat afsonderlike 'Bantoe kultuur' aangemoedig het en doelbewus studente vir niks meer as handearbeid voorberei het.

[Geneem vanuit *Key History for GCSE: Teacher's Guide*]

BRON 3B

Hierdie tabel reflekteer die bedrag geld in Rand wat gespandeer was op die opvoeding van elke Swart, Kleurling, Indiese en Blanke kind tussen 1953/54 en 1975/76.

APARTE EN ONGELYKE ONDERWYS GEIMPLEMENTEER

Jaar	Swart	Kleurling	Indiër	Blanke
1953/54	17	40	40	128
1969/70	17	73	81	282
1975/76	42	140	190	591

[Aangepas van *The Right to Learn* deur P. Christie]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 3C

Hierdie bron dui aan hoe Swart leerders ernstige opvoedkundige probleme tydens leer en onderrig in die 1950's ervaar het.



Bespeeding op Bantoe-onderwys het toegeneem in die laat 1960's, nadat die apartheidsregering 'n behoefte aan 'n opgeleide Swart arbeidsmag gesien het. Deur dit het meer Swart kinders skoolgegaan as onder die ou sendingstelsel van onderwys, hoewel hulle erg ontneem was van fasiliteite in vergelyking met opvoeding van ander rasse, veral blankes.

Nasionaal,het leerling-onderwyser-verhoudings in Swart skole vanaf 46 : 1 in 1955 tot 58 : 1 in 1967 toegeneem. Die klaskamers was oorvol en op 'n rotasie-basis gebruik. Daar was ook 'n gebrek aan onderwysers, en baie van diegene wat geonderrig het was onder-gekwalifiseerd. In 1961, het net 10 persent van swart onderwysers 'n matrieksertifikaat gehad. Swart onderwys het in wese versleg, met onderwysers wat minder gekwalifiseerd as hul studente was.

[Bron: http://sahistory.org.za. Toegang op 6 Junie 2016 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 3D

Hierdie bron beeld skoolkinders en hul ouers uit wat teen die Bantoe Onderwyswet in 1954 protesteer.

Ongeveer 7 000 kinders was uit die skool geskors omdat hulle protesteer het. Die ANC het 'n beroep gedoen vir die boikot van skole wat op 1 April 1954 moes begin. In die meeste plekke het die boikotte vir slegs 'n paar weke aangehou omdat ouers nie wou hê dat hul jong kinders enige onderwys moes misloop nie. Soos een Swart moeder gesê het oor Bantoe-onderwys, "'n Halwe brood is beter as niks".

[Geneem vanuit *Viva History*, 2012, bl. 314]

DUS TYD OM WAKKER TE SKRIK SWARTES

ONS WIL REGTIG HULP HÊ

KINDERS MOET NIE GIF DRINK NIE

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Angier KL, et al, 2012, *Viva History*, bl. 314 (Vivlia publiseerders)

Cloete, B. et al, 2012, *Spot On* (Heinemann)

Frank. F. 2012. *New Generations* (New Generations publiseerders)

Gaines Junction*: Undergraduate Interdisciplinary Journal of History* Giselle D.Aris, 'Pan-Africanism: Competing Interpretations', (Vol. 3, Nr.1).

Graves et al 2006, *Moments in History* Grade 11, p136 (Juta publiseerders)

Heate, D, *The Cold War* (Heinemann)

http://www.ijs.org.au. Toegang op 6 Junie 2016 verkry.

http://sahistory.org.za. Toegang op 6 Junie 2016 verkry.

Internet source*: anc.org.za* – Toegang op 6 Junie 2016 verkry.

June 28, 2011 – Benjamin Netanyahu, MS ☆☆☆ Toegang op 6 Junie 2016 verkry.

Key History for GCSE*: Teacher's Guide*

Kristie, P. (1991) *The Right to Learn*: The Struggle for Education in South Africa. Johannesburg: SACHED/Ravan. Revised and Expanded Edition (reprinted 1992, 1994, 2006). – Sien meer byt: http://www.education.uct.ac.za/edu/staff/academic/pchristie#sthash.fIX3Cfsl.dpuf

Stephen P Halbrook, The Journal of Liberation Studies, *The Alienation of a Homeland: How Palestine Became Israel,* Vol. V, Nr. 4 (Herfs1981), bl. 357

The Mariners' Museum/*CORBIS Great Stock*

www.newint.org.27June 2005. Toegang op 6 Junie 2016 verkry.

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore